28 Februarie
Skrifgedeelte: Spreuke 16:1-5
Fokusgedeelte: Spreuke 16:4

God se skeppingsdoel

Daar is godvresendes en daar is goddeloses – deur wie is hulle gemaak? Sommige mense reken dat die duiwel die oorsprong van die goddeloses is. Dit is nie waar nie, want hy is geen skepper nie. God het alles gemaak, ook alle mense. Waarom is daar dan goddelose, onverskillige opstandiges teen God en mens? Hoe bewus is ons nie van hulle in wrede moorde, misdaad, bedrog, ensovoorts nie?
God het niemand boos gemaak nie, maar die mens het deur sy eie sonde boos geword. Daarom is daar ook vandag goddelose mense, vyande van God. God se skeppingsdoel is sy eie verheerliking as almagtige en heilige God. Binne daardie doel is daar verlossing en straf. In Jesus Christus gee Hy die genade van verlossing. Wie Hom verwerp en in ongeloof volhard, sal die straf van God op hom/haar haal.
So leer God se wysheidsboek (Spr 16:4): “Die Here het alles gemaak met ’n doel, ook die goddelose vir die dag van straf.”
Harde woorde? Ja en nee. Ja, omdat die mense van vandag nie wil dink aan God se reg om te straf nie. Nee, omdat God deur die straf van die goddelose, en uiteindelik van die Bose, van Satan, volle verlossing vir sy kinders sal bring.
Wees dus geduldig wanneer jy die goddelose se boosheid sien. Die dag van oordeel sal kom en dan sal God se eer gehandhaaf word.
Intussen – bid ook vir jou vyande en vir God se vyande en hou aan om die evangelie te verkondig. Daar is steeds tyd vir bekering – ook vir die grofste sondaar.
Sing: Psalm 68:1 Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)